

## Pinkster 01 - Jesus kom weer - Hemelvaart



**?Ek kom gou?**

**Tema: Jesus kom weer**

Pinkster 1 ? Sommerstrand Youtube 18:30 Hemelvaart 21 Mei 2020

Youtube [Videokanaal](#) - Boek: "["Ek kom gou!"](#)"]

**Verwelkoming**

Ons vier **Hemelvaart** vandag. Vandaar die pragtige inleiding met die orrel om die grootsheid van God aan te kondig. Dit kom uit ?n verwerking van Psalm 117, ?n Psalm wat ons hierdie week op 19 Mei in die Eenjaar Bybelleesprogram gelees het, dié wat die program van die begin van die jaar af volg. Die koor gaan die verwerking ook vir ons aan die begin sing.

**Hemelvaart**

Hemelvaart is 'n belangrike herdenking in die kerklike jaar.

Ons dink terug aan die dag toe Jesus sy plek **as God** op die troon van God gaan inneem het. Dat Hy sy posisie as Koning van die kerk en die koninkryk ingeneem het. Vandaar het Hy sy Gees uitgestort op die kerk en die proses van die verspreiding van die evangelie begin.

En watter kragtige beweging het dit nie van stapel gestuur nie. Die hele bekende wêreld van daardie tyd het die evangelie gehoor, selfs al het dit baie keer geweldige teenstand uitgelok van die politieke en godsdienstige heersers van daardie tyd. Die Goddelike kant van die hemelvaart is 'n buitengewone inspirasie vir ons om moed te hou in ons volharding as sy dissipels.

Ons dink ook terug aan hemelvaart as die dag wat Jesus **as mens** sy plek in die hemel ingeneem het. Iemand wat ons verteenwoordig in die hemel voor God die Vader. Dit is daar wat Hy vir ons as sy dissipels intree. Dit is 'n buitengewone troos vir ons dat Hy weet wat dit is om mens te wees, om versoekings te moet deurstaan, om leed te ervaar. Hy is immers nie net die Seun van God nie, maar ook die seun van 'n mens, gebore uit die maagd Maria. En daarom kan Hy as 'n mens vir ons met begrip en deernis pleit en intree, daar aan die regterhand van die Vader.

Die Gees in ons is alreeds 'n waarborg van ons ewige bestemming in die hemel. Maar, dat Jesus reeds daar in die hemel is, is 'n **dubbele waarborg** dat ons ook daar sal kan kom. Die hemel is nie net 'n plek vir God en sy engele nie. Dis ook 'n plek vir God se

mense. Dit is wat Jesus se hemelvaart vir ons sê.

Dit is met hierdie boodskap wat Openbaring begin. Jesus op die troon in die hemel. In sy Goddelike-menslike gestalte. Wat vir ons **moed** gee vir ons stryd vir die geloof. Hy is vanuit die hemel besig om sy koninkryk te vestig. Wat ons **troos** vir die uitdagings wat ons moet trotseer. Hy weet waardeur ons gaan. Hy het trouens dieselfde dinge gely en getriomfeer.

En waarmee Hy die eerste hoofstuk begin is om nie net sy hemelvaart te beklemtoon nie, maar sy wederkoms. "**Kyk, Ek kom gou!**" Jesus kom weer!

Dit is die boodskap van hierdie Pinkster. Dit is waarmee die Here Jesus jou wil troos en jou wil moed inpraat vir die stryd vir die evangelie in hierdie wêreld.

## Gebed

## Koor

Psalm 117 ? koor

## Skriflesing en prediking

### Wat is jou verwagting van die Bybel?

As jy dit oopslaan en lees, wat verwag jy om daaruit te kry?

**Troos** vir jou hartseer en pyn?

**Hoop** vir jou onsekerheid en twyfel?

Dit is vir seker wat die Bybel vir jou gee.

?Die Here is my Herder? ? **Psalm 23** ? gee vir jou troos in die diep donker tye van die lewe. ?Ek is die Goeie Herder? ? **Johannes 10** ? bring jou onsekerheid en twyfel tot rus.

John R.W. Stott sê oor die Bybel: ?In the Bible God gives us **revelations** of himself which leads us to worship, **promises** of salvation which stimulates our faith, and **commandments** expressing his will which demand our obedience. This is the meaning of Christian discipleship.?

Dit is waarom ons die Bybel lees, om **insigte** oor God te kry, sodat ons Hom kan aanbid. Om **beloftes** vir onself toe te eien, om in geloof te volhard. Om **opdragte** te ontvang, om sy wil te kan doen.

Wat **Openbaring** vir ons gee, is **moed** vir die stryd vir die geloof. ?n Insig in wat in die hemel gebeur, sodat ons hier op aarde die werk van die evangelie kan doen. Al die insigte (openbarings), beloftes en opdragte wat die Here Jesus vir ons in Openbaring gee, is gemik daarop om ons aan te spoor, moed te gee, sodat ons kan volhard.

## Die uitdaging hierdie Pinkster

Openbaring is egter nie ?n eenvoudige boek nie. Daar is **visioene** wat jou verbeelding uitdaag. Daar is **herhalings** wat jou vermoë om verbande te lê, toets. Daar is aanhalings en ooreenkomste met **OT gedeeltes** wat jou kennis toets. Daar is boonop talle **skemas** wat teoloë en leke gebruik om Openbaring te interpreteer wat jou deurmekaar kan maak.

Jy sal jou ook moet **instel** om nie af te skakel, die oomblik as jy ?n woord of ?n verduideliking hoor wat ?n bietjie moeilik is om uit

te spreek nie. Jy sal jou verstand moet inspan om die moeiliker tekste te probeer verstaan. **Jy sal met jou kop moet lees vóór jy dit in jou hart bêre. Die Bybel moet eers in jou gedagtes posvat, voor dit kan insak in jou gevoelens.**

Ons leef in 'n tyd waar mense maklike antwoorde verkies. Mense wat in hulle gehoor gestreel wil word, wat die gesonde leer nie verdra nie, want dit vra net te veel konsentrasie (2 Tim 4:3). Jy sal dus doelbewus moet kies daarvoor om te luister, selfs al gaan dit inspanning vra.

Ek wil jou dus uitdaag hierdie Pinkster om nie saam te gaan met die stroom wat net maklike antwoorde wil hê wat gemik is daarop om jou goed te laat voel oor jouself nie. Ek wil jou uitdaag om Openbaring saam met my te lees en diep in te sak in die **insigte**, **beloftes** en **opdragte** daarin. Om dit te bestudeer sodat jy as dissipel van die Here kan groei in gehoorsaamheid. Dit is na alles die essensie van dissipelskap.

Daarom is die **boek** wat ek uitgegee het so noodsaaklik. Dit sal jou help om nog dieper in te sak in die betekenis van die boek. Jy is ook welkom om **vrae** te vra, sommer hier aan die onderkant van die Youtube video. Dan antwoord ek dit daar vir almal om te sien.

- Skakel dus in by NG Kerk Sommerstrand se [Youtube kanaal](#) en subscribe daar.]
- Doen daaglik Bybelstudie uit my boek: [?Ek kom gou!?](#)

## Wat is Openbaring?

Dit is tog belangrik om net vlugtig te fokus op watter tipe boek die Openbaring is. In kort, die boek kan beskryf word, as 'n apokalips, 'n profesie, en 'n brief.

1. Nou die woord apokalips moet jou nie afskrik nie. Dit is doodgewoon wat die woord 'openbaring' onder andere kan beteken.

Die boek is die **openbaring** (apokalips ? dit beteken ook onthulling of bekendmaking) van Jesus Christus deur 'n engel aan sy dienskneg Johannes om aan sy ander diensknegte te toon wat gou gaan gebeur (Openb. 1:1).

Dat die boek Openbaring 'n apokalips is, dra die boodskap oor dat:

- verlossing nie van binne af uit die wêreld moontlik is nie, maar van buite af moet kom ? soos dit altyd in apokaliptiese geskrifte beskryf is ? en
- dat die verlossing van God af, van Jesus Christus en die Gees, sal kom.

2. Alles wat in die boek beskryf word, gebeur tussen **Jesus Christus** se eerste koms en sy tweede koms. Dit beteken dat Openbaring nie net 'n apokalips is nie, maar ook 'n **profetiese geskrif** wat God se wil uitspel vir die hede soos dit deur die eeue ontwikkel.

Apokalipse het tradisioneel net 'n radikale breuk met die hede in 'n toekomstige transformasie verwag. Die boek Openbaring verwag ook 'n radikale transformasie in die toekoms, maar hou volledig rekening met die verandering wat God reeds in Jesus Christus gebring het met sy eerste koms, en sy voortgaande uitwerking daarvan in verlossing en oordeel in die kerk, heelal en die geskiedenis.

Die boek is dus 'n profetiese geskrif wat vanuit 'n apokaliptiese perspektief geskryf is.

Wat ons ook moet begryp is dat Jesus Christus in die profesie van die boek Openbaring die instrument van God se **verlossing** asook van sy **oordeel** is. Dit is Hy wat op sy wit perd die oorlog voer teen die duiwel en sy volgelinge en hulle oorwin.

Daar is baie valse leraars wat 'n ander Jesus aan jou voorhou. Moet hulle nie glo nie. Die bewys dat Jesus se bediening 'n verlossende oordeel insluit is omtrent op elke bladsy van Openbaring.

3. Johannes tree as Jesus Christus se profeet en gestuurde op om dit aan gelowiges in die gemeentes van Klein-Asië wat vervolgd

word, bekend te maak, om hulle te bemoedig in hulle geloofstryd.

Die visie op God en sy betrokkenheid in die kerk, heelal, en geskiedenis moet hulle hande sterk om aan God getrou te bly in die hede, en die boodskap van sy teenwoordigheid vandag in verlossing en oordeel uit te dra. Hulle is sy koninkryk van priesters vir God sy Vader.

Johannes gebruik apokaliptiese visioene om sy boodskap oor te dra. Hy sien die Goddelike agenda ontvou in visioene, hy hoor God se geopenbaarde wil vir die lewe en hy dra dit in opdrag van Jesus Christus aan almal oor wat ore het om te hoor en oë om te lees.

Daarom word sy boodskap ook as 'n **brief** aan die gelowiges van sy tyd geskryf en gestuur.

Die boek kan dus drievoudig beskryf word, as 'n apokalips, 'n profesie, en 'n brief.

Struktuur

**Dit sal jou ook help om net die opbou van die boek in gedagte te hou.**

Openbaring begin met 'n **inleiding** (Openb 1:1-20) wat 'n visioen van die Seun van die mens insluit, 'n persoon wat ook in die Ou-Testamentiese profesie van Daniël verskyn (Dan 7:13).

Die Seun van die mens, Jesus, dikteer in sy Openbaring vir Johannes **sewe briewe** ? een vir elk van sewe gemeentes in Turkye (Openb 2:1-3:22).

- Die grootste deel van Openbaring (Openb 4:1-22:5) bestaan ??uit 'n reeks visioene wat onsigbare werklikhede rakende die toekoms openbaar, maar ook gevolge vir die teenwoordige tyd inhou.

Dit ontvou as **drie stelle van sewe visioene** ? seëls, trompette en bakke. Elke keer as 'n seël gebreek word, 'n trompet weerklink, of 'n bak uitgegooi word, sien Johannes 'n nuwe visioen van apokaliptiese beelde (Openb 4:1-16:21).

Nadat die sewende bak die katastrofiese vernietiging ontketen het, sien Johannes visioene wat die **val van ?Babilon?, die nederlaag van Satan, en die vernuwing van hemel en aarde** uitbeeld (17:1-22:5).

Belangrik, dit is hierdie deel van Openbaring waar daar baie herhalings is. Dit is dieselfde gebeure tussen Jesus se eerste koms en sy wederkoms wat vertel word uit verskillende hoeke.

Jesus se **wederkoms** kom byvoorbeeld na vore op ?n hele paar plekke.

- ?n Mens sien een kant daarvan in die sesde seël in hoofstuk 6 met die mense wat skreeu: ?Val op ons en verberg ons van die aangesig van Hom wat op die troon sit en van die toorn van die Lam.? (Openb. 6:16).
- Nog ?n kant met die sewende trompet in hoofstuk 11 waar die hemel geopen word en die tempel van God sigbaar raak (Openb. 11:19).
- Nog ?n kant met die oes van gelowiges en ongelowiges wat in hoofstuk 14 ingesamel word (Openb. 14:14-15:4).
- En dan die wonderlike bruilofsfees van die Lam (Openb. 19:5-10) en die koms van die nuwe hemel en aarde (Openb. 20:1).

In die slottoneel verseker Jesus vir Johannes van sy **wederkoms**. Jesus sal binnekort weer kom, 'n belofte wat die sekerheid, en daarom hoop van Johannes se boodskap, bevestig (Openb 22:6-21).

Kom ons lees nou ?n gedeelte uit die eerste hoofstuk.

## **Openbaring 1:9-20**

Johannes se visioen van Christus

9Ek, Johannes, julle broer en deelgenoot in die verdrukking en koninkryk en volharding in Jesus, was op die eiland wat Patmos genoem word, vanweë die woord van God en die getuienis van Jesus.

10 Ek was in die Gees op die dag van die Here en het toe agter my 'n harde stem soos van 'n trompet hoor

11 sê: ?Skryf op wat jy sien in 'n boekrol en stuur dit aan die sewe gemeentes: aan Efese, aan Smirna, aan Pergamum, aan Tiatira, aan Sardis, aan Filadelfia en aan Laodisea.?

12 En ek het omgedraai om te sien wie se stem dit is wat met my praat. Nadat ek omgedraai het, het ek sewe goue kandelare gesien

13 en in die middel van die kandelare iemand soos 'n Seun van die mens wat geklee is tot op sy voete en 'n goue band is om sy bors gebind.

14 Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam.

15 En sy voete was net soos gepoleerde koper wat in 'n smeltoond gesuiwer is en sy stem soos die geluid van baie water.

16 In sy regterhand hou Hy sewe sterre vas en uit sy mond kom 'n skerp tweesnydende swaard. Sy gesig skyn soos die son in al sy krag.

17 En toe ek Hom opmerk, het ek voor sy voete neergeval soos 'n dooie. Hy het egter sy regterhand op my geplaas terwyl Hy sê: ?Moenie vrees nie, Ek is die Eerste en die Laaste,

18 en ook die Lewende: Ek was dood, maar kyk, Ek leef vir ewig, en Ek hou ook die sleutels van die dood en die doderyk.

19 Skryf dan op wat jy gesien het: dit wat daar is, asook dit wat op die punt staan om hierna te gebeur.

20 Die geheim van die sewe sterre wat jy in my regterhand sien en die sewe goue kandelare is: die sewe sterre is die sewe engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelare is die sewe gemeentes self.?

### **Drie werklikhede**

Johannes noem homself hulle broer en 'n deelgenoot in drie werklikhede:

die **verdrukking** onder Domitianus wat hom na Patmos verban het,  
die **koninkryk** van God wat onkeerbaar aan die kom is in die wêreld en  
?die **volharding** (hupomon?) van Jesus,? soos dit letterlik daar staan, dws in ons verhouding met Jesus.

Dit is 'n ongelooflike troosvolle beskrywing. Johannes het nie net deel aan die verdrukkende werklikheid van die Romeinse **vervolging** van gelowiges nie ? spesifiek omdat hy die woord van God verkondig het ? maar ook aan die **koninkryk** van God wat besig is om in te breek in hierdie wêreld en die **volharding** van Jesus.

Johannes praat oor volharding as 'n gawe van God wat Johannes van Jesus binne die verhouding met Hom ontvang. Volharding is dus vir Johannes nie net 'n opdrag wat uitgevoer moet word nie, maar ook ?n gawe wat ontvang en vasgehou moet word. Dit moet hom laat moed skeep!

### **Ek is die Eerste en die Laaste**

Johannes vervolg dan met die beskrywing van die **visioen** van Jesus Christus wat hy gesien het, op die dag van die Here, dit is Sondag, toe die Gees van hom ?besit geneem? het, en die Here Jesus die opdrag aan Johannes herhaal om aan die sewe gemeentes te skryf wat hy sien.

Jesus het tussen **sewe goue kandelare** gestaan ? die simbole van die sewe gemeentes ? en Johannes eien Hom as die Seun van die

Mens, op voetspoor van Daniël se vroeëre beskrywing (Dan. 9:13).

By sy lang kleeft hy 'n **goue band** om sy bors gedra, dié plek waar werkers gewoonlik hulle gordel vasgemaak het ná hulle klaar gewerk het. Sy werk word dus as **afgehandel** geteken.

Sy voorkoms was verder besonder treffend en uitermate verheerlik met veral die **skerp swaard met twee snykante** uit sy mond ? 'n toespeeling op die kragtigheid en priemende karakter van sy woorde (vgl. Hebr. 4:12) ? en die feit dat hy **sewe sterre in sy regterhand** gehou het ? die simbool van die leraars van die gemeentes ? die uitstaande kenmerke.

Jesus word dus as die **handelende agent** van God in die lewe van die gemeentes sowel as die leraars geteken, een wat die reg verdien het om op te tree en wat dit met gesag en effektiwiteit doen.

Hierdie visie se doel was om Johannes gerus te stel dat Jesus die dood oorwin het ? trouens dat Hy die **sleutels van die dood en die doderyk** (Hades of onderwêreld) besit en vir ewig en ewig lewe ? en nou aan almal kan bekend maak wat reeds gebeur het, nou aan die gang is en hierna gaan gebeur ? verlede, hede en toekoms.

### **Ek hou julle vas**

Die belangrikste boodskap van hierdie eerste hoofstuk is dat hierdie Jesus, hierdie ontsagwekkende God-mens, Hy hou hulle vas, ook vir ons, totdat Hy weer kom.

Want Jesus kom weer. Dit is die hoop van die kerk. Die hoop van die wederkoms.

En Jesus hou die sewe sterre van die gemeentes, dit is die leiers, die boodskap draers in sy hande vas, totdat Hy eenmaal weer kom. En terwyl ons daarvoor wag, Hy is hier teenwoordig, tussen die sewe kandelare, tussen die gemeentes, besig om nie net sy verlossende werk te doen nie, maar om ons vas te hou..

**Jesus vertrou hulle met die boodskap: ?Ek kom gou.? Vir ?n kerk wat sterk staan vir die geloof, wat baie trane stort in die stryd, sê die Here Jesus: ?Ek kom gou!? Vier keer herhaal Hy dit in die boek: ?Ek kom gou!? (Openb. 1:7; 22:7, 12, 20). Dit is ?n boodskap wat direk aan Hemelvaart gekoppel is, die dag wat ons vandag herdenk.**

**Jesus droog elke traan af.** Dit sal nog baie keer beklemtoon word. Met die visioen van die Lam in die sesde seël, sê Jesus bv: ?God sal elke traan van julle oë afdroog.? (Openb. 7:17). En met die aanbreek van die nuwe hemel en die nuwe aarde sê God: ?Hy sal elke traan van hulle oë afdroog en die dood sal nie meer bestaan nie. nie rou en ook nie ?n smartkreet of pyn sal meer bestaan nie, omdat die vroeëre dinge verbygegaan het.? (Openb 21:4). Dit is ware troos. Nie iets wat net vir vandag betekenis het nie, maar vir ewig. Wat nie net vandag se probleem uitsorteer nie. Maar alle probleme wat jy ooit kan ondervind.

**Jesus hoor julle gebede.** Dit sal ook nog baie beklemtoon word. Met die oopbreek van die sewende seël offer ?n engel reukwerk in ?n goue wierookbak ?met die gebede van die baie heiliges. En die rook van die reukwerk met die gebede van die heiliges het uit die hand van die engel opgestyg voor God.? (Openb 8:3-4). Trouens, die Here hoor nie net nie, Hy gebruik dit as deel van sy verlossende oordeel op aarde. Die engele het die wierookbak geneem, dit vol gemaak met die vuur van die altaar af en uitgegooi op die aarde. Daarop volg toe donderslae, dreunings, weerligstrale, en ?n aardbewing.? (Openb. 8:5). Dit motiveer ons om erns te maak met ons gebede, want God luister daarna! Hy gebruik dit en span dit in om sy wil op aarde te laat seëvier.

**Julle lewens is vir my kosbaar.** Hoe baie keer staan dit nie regdeur die boek nie! Aan die gemeente in Smirna: ?Ek ken jou verdrukking en jou armoede ... moenie vrees nie. Wees getrou tot die dood toe en Ek sal aan jou die kroon van die lewe gee (Openb. 2:9-10). Aan die gemeente in Filadelfia: ?Omdat jy gehoorsaam was aan my woord om te volhard, sal Ek jou bewaar gedurende die uur van toetsing wat op die punt is om die hele bewoonde wêreld te tref om die bewoners van die aarde te toets.? (Openb. 3:10).

Dit beteken, jou lewe is ook vir God kosbaar. Wat met jou gebeur, is vir Hom belangrik. Hy weet wat aangaan. Hy bestuur jou lewe na sy doel daarmee. Alles wat met jou gebeur, het ten doel om jou die mens te maak wat Hy bedoel het jy moet wees. Selfs al sluit dit ontbering in. Selfs al sluit dit lyding in. Selfs al kos dit jou dood.

## **Dit skep in ons hoop en verlange**

Wanneer ons die boodskap van Openbaring dus ter harte neem, as ons die grootse visioene van alle kante bekyk, die betekenis van verskillende kante bekyk, dan skep dit in ons ?n vreugde oor wat kom, ?n verlange, ?n brandende ongeduld.

Wil ons saam met die Gees en die bruid uitroep: ?Kom!/? En dié wat hoor moet sê: ?Kom!/? En dié wat dors het, moet kom. Dié wat wil, laat hy die water van die lewe neem, verniet! (Openb. 22:17)

Want dit is hulle wat sal hoor wat Jesus aan die einde van die boek sê: ?Ja, Ek kom gou!/?

Waarop ons antwoord: ?Amen! Kom, Here Jesus!/? (Openb. 22:20).

Dit is daardie vlam van hoop wat die Here in jou hart wil aansteek. Mag dit met jou gebeur. Hierdie Pinkster.

## **Gebed**

### **Lied**

Lied 425 - Kyk die Heer het opgestaan ? koor ? veral die tweede vers: ?Kyk die Heer het opgevaar, Halleluja!/?

### **Seën**

17En die Gees en die bruid sê: ?Kom!/?

En dié wat hoor, moet sê: ?Kom!/?

En dié wat dors het, moet kom.

Dié wat wil, laat hy die water van die lewe neem, verniet!

21Die genade van die Here Jesus is met julle almal.